GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2025

**10782**

**GEOGRAFIE**

**(VRAESTEL 2)**

GEOGRAFIE: Vraestel 2

10782A

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 150**

**23 bladsye**

X05

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING (60)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B:
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord is.

5. Begin ELKE vraag bo-aan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyn van die ANTWOORDBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Beantwoord in VOLSINNE, behalwe wanneer jy moet noem, identifiseer of ŉ lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1 020 hPa, 14°C en 45 m.

11. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag ŉ vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 2727CA KROONSTAD en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 2727 CA 22 word verskaf.

15. Die area wat met ROOI ink op die topografiese kaart afgebaken is, verteenwoordig die area wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Toon ALLE berekeninge waar van toepassing. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.

17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inhandig.


## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.8 A.

Verwys na die skets hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1.1.1 Die nedersettingspatroon wat by **X** geïllustreer word, is …




**[Bron:** ***rnlkwc.ac.in*****]**

A lineêr.
B verspreid.
C kern.
D poort.

1.1.2 Die nedersettingsvorm wat by **X** geïllustreer word, is …

A lineêr.
B verspreid.
C kern.
D kruispad.

1.1.3 Die nedersetting, **X** in die skets, is 'n … -puntnedersetting aangesien dit … aan/van 'n waterbron is.

A droë; naby
B droë; ver
C nat; naby
D nat; ver

1.1.4 Die faktore wat die ligging van die nedersetting wat by **X** geïllustreer word, beïnvloed, is …

(i) paaie.
(ii) brandstof.
(iii) reliëf.
(iv) water.

A (i) en (iii)
B (ii) en (iv)
C (iii) en (iv)
D (i) en (iv)

Verwys na die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Aangepas uit deposit photos]**

1.1.5 Die illustrasie hierbo wys hoe 'n stad van die kant af lyk. Die konsep wat geïllustreer word, is ...

A besetting en opeenvolging.
B fasadisme.
C besoedelingskoepel.
D stedelike profiel.

1.1.6 Die SSK verwys na die Sentrale Sakekern en is 'n grondgebruiksone. ’n Grondgebruiksone word gedefinieer as …

A die multifunksionele nedersetting, ook bekend as die stad.
B 'n gebied binne 'n stedelike nedersetting met 'n spesifieke funksie.
C die sy-aansig van die stedelike gebied.
D 'n gebied wat vir bewaring gereserveer is rondom die stad.

1.1.7 Die gebied gemerk **Q** omring die stad en word 'n groengordel genoem. Die groengordel bestaan uit …


(i) bome op dakke van parkeerareas.
(ii) parke.
(iii) oop velde.
(iv) nywerheidsgebiede.

A (i) en (ii)
B (i) en (iii)
C (ii) en (iii)
D (iii) en (iv)

(7 x 1) (7)

1.2 Kies die korrekte konsepte om die stellings WAAR te maak. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.9 Mynbou.

Verwys na die diagram hieronder en beantwoord VRAAG 1.2.1 tot 1.2.5




**[Bron: Eksaminator se eie skets]**

1.2.1 Die diagram hierbo illustreer 'n (stedelike profiel/stedelike hiërargie).

1.2.2 'n (Konurbasie/Stad) is 'n groot stedelike gebied waar verskeie dorpe saamgesmelt het, bv. Wes-Rand-Johannesburg-Oos-Rand.

1.2.3 Die kleinste nedersetting in die diagram is 'n (plaasopstal/gehuggie).

1.2.4 Die (dorp/stad) het 'n groter invloedsfeer.


1.2.5 Die (stad/metropool) het meer hoë-orde dienste.

Kies 'n term/konsep uit KOLOM B wat ooreenstem met die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (**Y** of **Z**) langs die vraagnommers (1.2.6 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.9 Y.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.2.6 | Die minimum aantal mense wat benodig word om 'n besigheid te ondersteun | **Y**<br>**Z** | markgebied<br>drempelbevolking |
| | | | |
| 1.2.7 | Die maksimum afstand wat 'n kliënt bereid is om te reis om iets op 'n sentrale plek te koop | **Y**<br>**Z** | reikwydte<br>mark gebied |
| | | | |
| 1.2.8 | Ou geboue in 'n stad word nie onderhou en geverf nie, verval tree in, en dit word ... genoem | **Y**<br>**Z** | stedelike verval<br>stedelike hernuwing |

(8 x 1) (8)

1.3 Verwys na die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron:** ***https://www.researchgate.net/figure/Urban-and-Rural-Population-of-the-World-1950-2030-Source-UN-2005_fig2_310763525*****]**




**[Bron:** ***geographycatsite.wordpress.com*****]**

1.3.1 Definieer die term *landelike ontvolking*. (1 x 2) (2)

1.3.2 Volgens die grafiek, wat is die algemene tendens in stedelike bevolking van 1960 tot 2024? (1 x 1) (1)

1.3.3 Noem die ekonomiese rede, soos duidelik in die spotprent, vir die paartjie wat die landelike gebied verlaat het. (1 x 2) (2)


1.3.4 Identifiseer TWEE trekfaktore wat in die spotprent geïllustreer word. (2 x 1) (2)

1.3.5 Beskryf die sosiale impak van landelike ontvolking op die landelike gebiede, soos uiteengesit in die spotprent. (1 x 2) (2)

1.3.6 Bespreek hoe grondhervorming kan help om landelike ontvolking te verminder. (3 x 2) (6)

1.4 Verwys na die infografika hieronder oor informele nedersettings en beantwoord die vrae wat volg.






**BRANDE IN KHAYELITSHA**

KAAPSTAD – Een van die ergste informele nedersettingsbrande in die geskiedenis van Kaapstad het in die uitgestrekte dorp Khayelitsha plaasgevind. Namate meer mense na die land se dorpe en stede migreer, ontstaan nuwe informele nedersettings gereeld, onaangekondig. Die hoë digtheid van hierdie stedelike gebiede, gekombineerd met die vlambaarheid van die materiale wat gebruik word om dit te bou, maak spontane en vinnig verspreidende brande 'n konstante bedreiging. Ten minste vyf mense is dood en meer as 4 000 is dakloos gelaat in Khayelitsha in die vroeë oggendure van 1 Januarie toe 'n muur van vuur, aangehelp deur sterk winde, deur 'n informele nedersetting bekend as "BM Section" geskeur het. Meer as 'n duisend hutte is tot op die grond toe afgebrand.

**[Aangepas uit *https://reliefweb.int/report/south-africa/south-africa-searches-solutions-shack-fires*]**

1.4.1 Volgens die infografika, watter persentasie Suid-Afrikaners woon in informele nedersettings? (1 x 1) (1)

1.4.2 Wat is die hoofrede vir die ontwikkeling van informele nedersettings, soos in die infografika genoem? (1 x 2) (2)

1.4.3 Die plaaslike munisipaliteit het die gemeenskap wat in informele nedersettings woon, bygestaan deur hulle van basiese dienste te voorsien. Verskaf bewyse uit die foto om hierdie stelling te staaf. (1 x 2) (2)

1.4.4 Volgens die uittreksel, wat is die redes vir die gereelde verspreiding van brande in informele nedersettings? (2 x 1) (2)

1.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reels stel inisiatiewe voor wat die nasionale regering kan implementeer om die aantal informele nedersettings in Suid-Afrika te verminder. (4 x 2) (8)

1.5 Verwys na die artikel oor die waterkrisis in Gauteng en beantwoord die vrae wat volg.

**JOHANNESBURGSE WATERKRISIS: WAT OM IN 2025 TE VERWAG**

[*The Citizen, Deur Enkosi Selane Joernalis, 30 Des 2024*]

**Johannesburg staar 'n kritieke waterkrisis in die gesig te midde van infrastruktuurineenstorting.**

Johannesburg het vanjaar baie waterprobleme in die gesig gestaar en 'n kenner voorspel dat hierdie probleme waarskynlik tot 2025 sal voortduur en 'n groter krisis sal veroorsaak. Van die probleme is ernstige infrastruktuuruitdagings en kritieke watertekorte wat die stad se waterstelsel tot sy uiterste dryf. Logan Moonsamy, Johannesburg Water se bedryfsbestuurder, het die erns van hierdie infrastruktuuruitdagings erken terwyl hy probeer het om gerusstelling te bied. Tydens 'n waterdiensleweringsbetoging in Westbury het Van Dyk, die DA se Skadu-LUR vir Infrastruktuur, die behoefte aan tegniese kundiges eerder as politieke aanstellings beklemtoon. Die huidige Vlak 1-waterbeperkings, wat vanaf 1 September 2024, van krag is, verbied die natmaak van tuine, die vul van swembaddens, die was van motors en die gebruik van tuinslange tussen 06:00 en 18:00. Die Lesotho Hoogland Waterprojek (LHWP), wat water aan ongeveer een vyfde van Suid-Afrika se bevolking verskaf, ondergaan tot 31 Maart 2025 noodsaaklike instandhoudingswerk wat die stad se uitdagings vererger. "Dit beteken dat ons almal alles in ons vermoë moet doen om water spaarsamig te gebruik," het waterkundige Carin Bosman gewaarsku.

**[Aangepas uit *https://www.citizen.co.za/news/south-africa/joburgs-water-crisis-what-to-expect-in-2025*]**

1.5.1 Volgens die artikel, wat is die oorsaak van die waterprobleme in Gauteng? (1 x 1) (1)

1.5.2 Waarom is dit belangrik vir die munisipaliteit om te verseker dat mense toegang het tot basiese dienste soos water? (1 x 2) (2)

1.5.3 Identifiseer TWEE van die waterbeperkings wat deur die munisipaliteit ingestel is, volgens die artikel. (2 x 1) (2)

1.5.4 Stel voor hoe die plaaslike munisipaliteit die plaaslike inwoners kan bystaan tydens wateronderbrekings. (1 x 2) (2)

1.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor oor hoe gemeenskappe kan help om water te bespaar. (4 x 2) (8)


**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.9 D.

Verwys na die grafiek hieronder.

**GOUDMYN UITSET IN SUID-AFRIKA**




**[Bron: *https://dailyinvestor.com/mining/43589/gold-mining-has-lost-its-shine-in-south-africa/*]**

2.1.1 Goudmynbou val onder die … sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.2 Volgens die grafiek is die algemene tendens in die goudmynbou-uitset van 1995 tot 2022 …


A stygend.
B dalend.
C onveranderd.
D bo die totale mynbou-uitset.

2.1.3 'n Moontlike rede vir die tendens wat in VRAAG 2.1.2 genoem word, is …

A verbeterings in mynbou-infrastruktuur.
B stygende vlakke van beleggings.
C hoër vraag na goud.
D hoër vlakke van werkersonrus.

Verwys na die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SEKTORIALE SAMESTELLING VAN DIE BBP 2024**




**[Bron: *https://intergest.co.za/exploring-south-africas-economic-potential-and opportunities/*]**

2.1.4 Die bruto binnelandse produk (BBP) is die totale waarde van goedere en dienste wat geproduseer word ... die grense van 'n land gedurende 'n spesifieke tydperk, ... die inkomste van buitelandse inwoners.

(i) binne
(ii) buite
(iii) ingesluit
(iv) uitgesluit

A (i) en (iii)
B (i) en (iv)
C (ii) en (iii)
D (ii) en (iv)

2.1.5 In die sirkelgrafiek het die … sektor die meeste tot die BBP bygedra en die … sektor die minste.

(i) primêre
(ii) sekondêre
(iii) tersiêre
(iv) kwaternêre

A (i) en (iii)
B (iii) en (iv)
C (i) en (iv)
D (i) en (ii)

2.1.6 Die ekonomiese sektor wat op die twee toestelle in die beeld vertoon word, verteenwoordig die … sektor.




**[Bron:** ***https://www.infosysbpm.com/blogs/financial-services/the-impact-of-e-banking-on-customer-satisfaction.html*****]**

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D kwaternêre

2.1.7 Goudmynbou bevorder … in Suid-Afrika.

A armoede
B hoër invoere
C werkskepping
D hulpbronne

2.1.8 Die goudmynbedryf het bygedra tot die ontwikkeling van sekondêre en tersiêre sektore deur middel van die … -effek.


A vermenigvuldiger
B industrialiserings
C desentralisasie
D globaliserings (8 x 1) (8)

2.2 Kies 'n term/konsep uit KOLOM B wat ooreenstem met die beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (**Y** of **Z**) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.8 Z.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Verskuiwing van nywerhede na kerngebiede | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.2 | Kan lei tot 'n afname in landelik-stedelike migrasie | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.3 | Dra by tot die verspreiding van rykdom oor die land | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.4 | Kan druk op fisiese infrastruktuur veroorsaak | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.5 | Lei tot verminderde opeenhoping | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.6 | Kan hoër vlakke van besoedeling en omgewingsagteruitgang in kernstreke veroorsaak | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |
| 2.2.7 | Kan lei tot verhoogde vervoerkoste op die finale produkte | **Y**<br>**Z** | sentralisasie<br>desentralisasie |

(7 x 1) (7)

2.3 Verwys na die skets hieronder oor kleinskaalse boerdery en beantwoord die vrae wat volg.



**[Bron: *ChatGPT*]**

2.3.1 Definieer die term *kleinskaalse boerdery*. (1 x 2) (2)

2.3.2 Gee bewyse vanuit die skets dat kleinskaalse boerdery beoefen word. (1 x 1) (1)

2.3.3 Bespreek TWEE uitdagings wat kleinskaalse boere in die gesig staar. (2 x 2) (4)

2.3.4 Stel 'n strategie voor van hoe die regering kleinskaalse boere kan ondersteun. (1 x 2) (2)

2.3.5 Verduidelik die sosiale belangrikheid van kleinskaalse boerdery vir gemeenskappe in Suid-Afrika. (3 x 2) (6)

2.4 Verwys na die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

oThongathi, voorheen en steeds algemeen bekend as Tongaat, is 'n dorp in KwaZulu-Natal, Suid-Afrika, ongeveer 40 kilometer noord van Durban geleë.

oThongathi is geleë tussen heuwels wat oorheers word deur suikerrietlande, net binnelandwaarts vanaf die kus en is hoofsaaklik suid van die uThongathi-rivier.

oThongathi is die tuiste van Tongaat Hulett, een van die grootste suikerprodusente in Afrika, met sy hoofkwartier net buite die dorp geleë is. Die maatskappy besit en bedryf ook die Maidstone Suikermeule wat aan die noordelike oewer van die uThongathi-rivier geleë is en is een van Suid-Afrika se eerste suikermeule, voltooi in 1850.

**[Bron*: https://en.wikipedia.org/wiki/ OThongathi*]**




**[Bron: *chromeextension://efaidnbmnnnibpcajpcglclefi ndmkaj/https://isocarp.org/app/uploads/2016/03/Technical-Workshop-7-eThekwini-Dube-Tradeport.pdf*]**

2.4.1 Identifiseer die kernnywerheidstreek op die kaart. (1 x 1) (1)

2.4.2 Vir watter landbouproduk is Tongaat (oThongathi) bekend? (1 x 1) (1)

2.4.3 Gee 'n klimatologiese (klimaat) rede vir die verbouing van die landbouproduk genoem in VRAAG 2.4.2 in hierdie gebied. (1 x 1) (1)

2.4.4 Verduidelik hoe die Dube-handelshawe voordelig kan wees vir die landbouproduk wat in Tongaat (oThongathi) verbou word. (2 x 2) (4)


2.4.5 Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die landbouproduk wat in Tongaat (oThongathi) verbou word vir die Durban-Pinetown kernnywerheidstreek. (2 x 2) (4)

2.4.6 Hoe sal 'n natuurramp, bv. oorstromings, die ekonomie van die Dube-handelshawe negatief beïnvloed? (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na die infografika oor die Maputo-korridor Ruimte Ontwikkelingsinisiatief (ROI) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: *Google Maps Pro*]




[Bron: ***https://www.slideshare.net/slideshow/the-maputo-corridor-the-role-of-the-private-and-public-sector-and-opportunities-for-developing-countries/71201497***]

Die Maputo-korridor Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief is 'n belangrike vervoerroete wat die lande van Suider-Afrika, Eswatini (voorheen Swaziland) en Zimbabwe verbind met die hawe van Maputo in Mosambiek. Hierdie strategiese korridor is 'n sleutelhandels- en logistieke roete in Suider-Afrika, wat die beweging van goedere en hulpbronne ná en van die hawe vergemaklik.

[Bron*: ChatGPT*]

2.5 2.5.1 Definieer die term *Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI)*. (1 x 2) (2)

2.5.2 Verwys na die infografika en haal bewyse aan waarom die Maputo-korridor as 'n Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief geklassifiseer kan word. (1 x 2) (2)

2.5.3 Noem EEN vervoerskakel wat in die infografika genoem word. (1 x 1) (1)

2.5.4 Identifiseer EEN van die doelwitte van 'n Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief wat in die infografika geïllustreer word. (1 x 2) (2)

2.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die Maputo-korridor ROI die lewens van mense in klein dorpies langs die korridor (roete) kan verbeter. (4 x 2) (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### AGTERGRONDINLIGTING VAN KROONSTAD




**Koördinate: 27°38'40"S, 27°45'7"O**

Kroonstad is 'n dorp in Suid-Afrika se Vrystaat provinsie. Die dorp is geleë aan die oewer van die Valsrivier, 'n sytak van die Vaalrivier. Kroonstad is 'n besige landbou- en vervoersentrum. Dit het rangeerwerwe, graansilo's, ingenieurswerke en beroeps- en ambagskole. Die Kroonstad-projek is 'n goudeksplorasieprojek wat moontlik 'n nuwe Witwatersrandse goudveld kan word. Die projek het 'n geskatte goudeksplorasieteiken van tussen 6,06 miljoen onse en 62,41 miljoen onse.

Geleë sowat 60 km suidwes van Kroonstad, was Bambanani 'n ondergrondse goudmyn wat deur die Harmony Gold Mining Company bedryf is. Die myn is in Junie 2022 gesluit weens verhoogde seismiese aktiwiteit en verwante risiko's.

Kroonstad-spoorwegstasie bedien die dorp en is geleë op die belangrike spoorwegaansluiting wat Kaapstad met Johannesburg via Bloemfontein verbind.

**[Bron: *shortlin.com/VP-fjMox*]**

| **ENGLISH** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| Buildings | Geboue |
| Ruins | Murasie |
| Monument | Monument |
| Other road | Ander pad |
| Railway; Station or Siding | Spoorweg; Stasie of Sylyn |
| Other railway; Tunnel | Ander spoorweg; Tonnel |

3.1 **KAARTVAADIGHEDE EN BEREKENINGE**

3.1.1 Die skaal van die ortofotokaart is … keer groter as die topografiese kaartskaal.

A 25
B 0,5
C 5
D 10 (1 x 1) (1)

3.1.2 As gevolg van die invloed van kaartskaal, is die kenmerke op die topografiese kaart … as die ortofotokaart.

A klein en met meer besonderhede
B groot en met meer besonderhede
C klein met minder besonderhede
D groot met minder besonderhede (1 x 1) (1)

3.1.3 Die Kroonstad-projek produseer ...

A goud.
B platinum.
C yster.
D steenkool. (1 x 1) (1)

3.1.4 Kroonstad is ŉ …

A aansluitingsdorp.
B vakansiedorp.
C industriële dorp.
D myndorp. (1 x 1) (1)

3.1.5 Verwys na die topografiese kaart. Noem die kenmerk wat by die koördinate gevind word: 27°39'26"S; 27°12'44"O. (1 x 1) (1)

3.1.6 Verskaf bewyse dat die ortofotokaart voor 14h00 geneem is. (1 x 2) (2)

3.1.7 Bereken die magnetiese deklinasie vir 2025.

Verskil in jare: ______________

Gebruik die jaarlikse verandering van: 3’ W

Totale verandering: ___________________

Magnetiese deklinasie vir 2025: ____________________ (3 x 1) (3)

3.2 **KAARTINTERPRETASIE**

Verwys na die topografiese kaart.

3.2.1 (a) Identifiseer die straatpatroon wat as **P** in blok **D5**.

A Radiaal/Straal
B Lineêr
C Roosterpatroon
D Onreëlmatig (1 x 1) (1)

(b) Die dominante ekonomiese aktiwiteit wat in blok **E3** plaasvind, word geklassifiseer as ...

A primêr.
B sekondêr.
C tersiêr.
D kwaternêr. (1 x 1) (1)

(c) Bespreek EEN fisiese faktor, duidelik op die topografiese kaart, wat gelei het tot die ontwikkeling van die kernnedersettingspatroon in blokke **A3** en **B3**. (1 x 2) (2)

Verwys na die ry bome langs die R76 in blok **A2** op die topografiese kaart.

(d) Verduidelik die funksie van die ry bome. (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart.

3.2.2 Verwys na die gebied gemerk **R** in blok **E5** en gebied gemerk **Q** in blok **D2** op die topografiese kaart. Verskaf kaartbewyse en bewys dat area **R** die ouer ontwikkeling is in vergelyking met area **Q**. (1 x 2) (2)

3.2.3 Verwys na Gelukwaarts in blok **C1**.

Bespreek EEN faktor, duidelik op die topografiese kaart sigbaar, wat die uitbreiding van Gelukwaarts in 'n suid-westelike rigting beperk. (1 x 2) (2)

Verwys na Industria in blok **E3** op die topografiese kaart.

3.2.4 Verskaf bewyse vanaf die topografiese kaart om die stelling te ondersteun dat Industria ideaal (goed) geleë is. (1 x 2) (2)

3.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

3.3.1 Definieer die konsep *attribuut data*. (1 x 2) (2)

Verwys na die ortofotokaart.

3.3.2 Noem EEN manier waarop attribuutdata op die ortofoto voorgestel word. (1 x 2) (2)

Verwys na die brug (**6**) op die ortofoto en in blok **E4** op die topografiese kaart

3.3.3 Verskaf EEN kenmerk van die brug, soos wat dit op die topografiese kaart aangedui word. (1 x 2) (2)

Verwys na blok **A4** op die topografiese kaart.

3.3.4 Teken die simbole vir die volgende kenmerke wat in blok **A4** sigbaar is:

(a) 'n Puntkenmerk
(b) 'n Lynkenmerk (2 x 1) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

# NASIENRIGLYNE

**GEOGRAFIE (VRAESTEL 2) (10782)**

**22 bladsye**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**BEGINSELS VIR NASIEN VAN GEOGRAFIE – 2025**

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasienprosesse te standaardiseer.

**NASIEN**

- ALLE vrae MOET nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar die maksimum punte vir ’n spesifieke vraag toegeken is, plaas ’n Ⓜ oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is.
- ’n Duidelike en netjiese regmerkie moet gebruik word: ✓
  - o Indien EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkie gebruik word. ✓
  - o Indien TWEE punte behaal is, moet TWEE regmerkies gebruik word. ✓✓
  - o Die regmerkie moet geplaas word by die FEIT waarvoor die punt toegeken word.
  - o Regmerkies moet KLEIN gehou word omdat verskeie vlakke van moderering moet plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet aangedui word met ’n duidelike en netjiese: **X**
  - o Gebruik MEER as een kruisie oor ’n paragraaf/besprekingstylvraag om aan te dui dat alle feite in ag geneem is.
  - o MOENIE ’n streep deur ’n verkeerde antwoord trek NIE.
  - o MOENIE die verkeerde feite onderstreep NIE.

**NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE**

- Indien die nommering verkeerd is of weggelaat is, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van die antwoorde ooreenstem met die vraagnommers.
- In die geval van spelfoute kan die punte toegeken word mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die sin van ’n antwoord, wat op ’n ander manier gestel kan word.
- In vrae waar ’n letter die voorgeskrewe antwoord is, maar die leerder skryf die werklike antwoord uit – ken punte toe.

**TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE**

- Elke subvraag moet opgetel word.
  - o Vrae in Afdeling A het vyf subvrae, daarom word vyf subtotale per vraag vereis. Afdeling B het drie subvrae en drie subtotale.
  - o Subvraagtotale moet in die regterkantse kantlyn aan die einde van die subvrag geskryf.
  - o Subtotale moet leesbaar geskryf word.
  - o Laat spasie oop om gemodereerde punte op verskillende vlakke te skryf.
- Tel subtotale op en dra totale oor na die boonste linkerkantse kantlyn langs die vraagnommer.
- Dra die totaal oor na die voorblad van die antwoordboek.

## MODERERING

Nasien op elke vlak van moderering geskied op dieselfde manier as die aanvanklike nasien. Alle riglyne vir nasien moet nagekom word.

Indien 'n punt vir 'n subvraag na moderering verander word, moet die moderator 'n streep trek deur die nasiener se punt en die nuwe punt neerskryf. ~~12~~ 16

Die totaal vir die vraag moet herbereken word, en 'n streep moet deur die verkeerde punt getrek word en die nuwe totaal moet neergeskryf word: ~~26~~ 36

## VRAAG 1 (22)

1.1 1.1.1 A (Suid-Atlantiese Hoog) ✓

1.1.2 B (Kalahari Hoog) ✓

1.1.3 B (Suid-Indiese) X — 2

1.2 1.2.1 Gesmelte sneeu ✓

1.2.2 Mond X


1.2.3 Derde orde ✓ — 2

1.3 1.3.1 Katabaties X

1.3.2 1 vind plaas gedurende die dag terwyl 2 in die nag plaasvind. ✓✓

1.3.3 Koue lug daal af ✓✓ in die vallei en vorm 'n inversie.

Lug vloei afwaarts ✓✓



6

1.4 1.4.1 Vorm van die front is konkaaf ✓
Steil helling van front ✓

1.4.2 Warm lug sny die koue lug af ✓

1.4.3 Lug agter die koue front ✓✓ is kouer as die lug voor die front. Koue lug beweeg vinniger as warm lug vorentoe. Die koue front haal die warm front in. — 5

1.5 1.5.1 (a) 'n Rivier wat slegs regdeur die jaar vloei X
(b) Die rivierkanaal is breed X
(c) Gereeldheid ✓✓ van reënval en die ✓✓ grondsoort waaroor die strome vloei.

1.5.2 Gauteng ✓ en die Oos-Kaap X

1.5.3 Die koste van voedselproduksie sal styg omdat dit duur is om gesuiwerde water te koop. Boere sal meer chemikalieë moet koop ✓✓ om water te suiwer. Chemikalieë kos baie, en dit sal (M) produksiekoste verhoog. Dit sal duur wees om water te suiwer vir gebruik in elektrisiteitsopwekking. Hierdie koste sal in elektrisiteitspryse ingesluit wees. Kostes sal die prys van elektrisiteit tydens produksie verhoog. Daar sal minder skoon water wees om hidro-elektrisiteit op te wek. 7

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA**

**VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS**

1.1 1.1.1 C (1)/kern

1.1.2 A (1)/lineêr

1.1.3 C (1)/nat; naby

1.1.4 C (1)/(iii) en (iv)

1.1.5 D (1)/stedelike profiel

1.1.6 B (1)/gebied binne 'n stedelike nedersetting met 'n spesifieke funksie

1.1.7 C (1)/(ii) en (iii)

(7 x 1) (7)

1.2 1.2.1 stedelike hiërargie (1)

1.2.2 Konurbasie (1)

1.2.3 plaasopstal (1)

1.2.4 Stad (1)

1.2.5 Metropool (1)

1.2.6 Z (1)/drempelbevolking

1.2.7 Y (1)/reikwydte

1.2.8 Y (1)/Stedelike verval (8 x 1) (8)

1.3 1.3.1 Definieer die term *landelike ontvolking*.

**Die afname in die getal mense/bevolking van landelike gebiede. (2)**
**KONSEP** (1 x 2) (2)

1.3.2 Volgens die grafiek, wat is die algemene tendens in stedelike bevolking van 1960 tot 2024?

**Dit neem toe (1)** (1 x 1) (1)

1.3.3 Noem die ekonomiese rede, soos duidelik in die spotprent, vir die paartjie wat die landelike gebied verlaat het.

**Geen werk / werkloosheid (2)**
**Behoefte aan meer geld (2)**
**(Enige EEN)** (1 x 2) (2)

1.3.4 Identifiseer TWEE trekfaktore wat in die spotprent geïllustreer word.

**Beter betalende poste / werke beskikbaar (in stedelike gebied) (1)**
**Meer dienste beskikbaar (in stedelike gebiede) (1)** (2 x 1) (2)

1.3.5 Beskryf die sosiale impak van landelike ontvolking op die landelike gebiede, soos uiteengesit in die spotprent.


**Opbreek van gesinseenhede (2)**
**Ou mense / kinders wat in landelike gebiede agtergelaat word (2)**
**[Enige EEN]** (1 x 2) (2)

1.3.6 Bespreek hoe grondhervorming kan help om landelike ontvolking te verminder.

**Grondhervorming sal grond aan mense teruggee en dit sal help om werk te skep as hulle die grond bewerk (2)**
